

KOERSVAS

Uitgawe 7 Jaargang 1 25 Januarie 2013



In hierdie uitgawe

Redaksioneel
Nuusbrokkies
Geloofsbond

Redaksioneel

Die nuutste op die kerklik front is dat mediasie weer 'n sterk moontlikheid is. Dit is goeie nuus. Mediasie as woord en gebeurtenis ontlok gemengde gevoelens. Aan die een kant kan dit wees dat mediasie vrede kan bewerkstellig. Aan die ander kant kan dit juis die twee partye verder uitmekaar dryf. Soos alle ander menslike ondernemings bly dit 'n waagstuk. Soos enige ander waagstuk is daar die gemengde gevoelens van vrees en opgewonde afwagting.

Mediasie veronderstel dat twee partye teenoor mekaar staan. Ons moet eerlik genoeg wees teenoor mekaar om te erken dat dit die werklikheid is. Die spreke van 'n "vurk in die pad" reeds in die vorige eeu, het nou 'n vurk in die tru-spieëltjie geword. Net God ken die toekoms en derhalwe kan ons nie seker wees dat die twee weë weer iewers ontmoet nie. In die tussentyd is dit belangrik dat ons strewe na vreedsame naasbestaan. Dit gaan opofferings van beide partye verg, maar die verguising en bekgevegte is nie bevorderlik vir die kerk nie. Dit is moontlik om beginselvas te bly en ruimte vir die ander standpunt in die samelewing te gun. Ons kan en sal van mekaar

verskil, ons kan egter op 'n ander manier van mekaar verskil.

Nuusbrokkies

- Die Wilge gemeente in Potchefstroom het besluit om hulle eiendom te beveilig. Hierdie stap het die onrus rondom restituisie eise as agtergrond. Kom ons hoop die teenparty respekteer hierdie besluit.
- Die vergadering 26 Januarie te Meyerspark, gaan 'n belangrike historiese mylpaal wees in die sH beweging se strewe daarna, om die ryke geskiedenis van die NHKA suiwer te koester. Die teologiese strydpunte sal lang debatte ontketen wat oor 'n tydperk uitsorteer sal word.

Geloofsbond -Besluittyd

Die groot uitdaging wat op almal wag, is om 'n samewerking te bewerkstellig wat tot voordeel van almal is. Die ooreenkoms moet die onafhanklike gemeentes bystaan in hulle kerkwees en tegelyk ander sH gemeentes steeds tuis laat voel in die sH beweging. Die bondsluiting sluit niemand uit nie, en tog wil dit samewerking op sleutel areas bewerkstellig. Mag God almal die wysheid gee om reg te dink, praat en besluit.